

15

MY SELFBEELD

*God leer my om deur sy oë na myself
en ander mense te kyk*

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet leer om deur God se oë na onself te kyk en die waarde van ons lewens raak te sien.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet dat ons selfbeeld nie bepaal word deur dit wat ons in ons selfkritiese spieël sien nie, maar deur dit wat God sien as Hy na ons kyk.

Gesindheid

Die kinders moet glo dat God elke kind van Hom uniek skep met verskillende gawes, sodat ons Hom en mekaar kan dien.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in staat wees om deur God se oë na hulleself te kyk; en
- ontdek hoe die Here hulle sonde of *swakplekke* kan omskakel in gawes en gereedskap.

MEER INLIGTING (Eksodus 4: 1-17; 1 Samuel 16: 1-13)

Wat dink jy van jouself? Is jy tevrede met jouself, of is daar dalk dinge wat jy anders wou hê? Watter eienskappe van jou dink jy is goed en waardevol? Hierdie vrae toon die beeld van hoe ons oor onself dink. Party van ons is tevrede met onself. Baie meer mense is ontevrede met hulle eie beeld. Ons kyk dikwels in ons eie onregverdige spieël na onself.

Die rede is omdat ons die verkeerde *spieël* gebruik wanneer ons na onself kyk! Ons sien foute en swakpunte waarvan ons nie hou nie. Ons dink dan dat ons vir niks en niemand spesiaal is nie.

Is dit regtig hoe ons lyk? Die twee mense in die Bybelgedeeltes wat ons gaan lees, lyk vir hulleself ook sleg. Eers nadat hulle met hulle Skepper gepraat het, kon hulle hulleself deur sy oë sien.

Moses het homself gesien as 'n moordenaar en 'n mislukking. Hy het homself gesien as 'n eenvoudige veewagter wat gesukkel het om te praat. Toe God hom roep uit die brandende doringbos, het hy al die verskonings gebruik wat hy ken. God het hom gewys dat hy die een is wat die Israeliete uit Egipte moet lei.

Samuel het geweet hy moet 'n koning vir Israel gaan salf, en hy het gesoek na 'n man wat die taak waardig sou wees. Almal was verbaas toe die Here vir Dawid kies. Die Here leer ons om deur sy oë na mense te kyk. *Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.*

Wanneer ons leer om na onself en na ander mense te kyk soos wat God na ons kyk, leer ons om soveel anders te kyk. Ons sien foute en swakhede raak. God sien gewes raak wat vir Hom bruikbaar is.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Begin met 'n gebed, of vra een van die kinders met wie vooraf gereël is, om die gebed te doen.

HET HULLE ONTHOU?

- Kyk hoeveel kinders in staat is om die memoriseerteks van verlede week op te sê.
- Bespreek die kinders se antwoorde van die soektog om te ontdek op watter maniere Jesus kinders betrek het by sy werk hier op aarde.

Teksgedeelte	Van watter kind of jongmens lees ons hier?	Hoe het Jesus hierdie kind of jongmens betrek om ander mense te leer?
Lukas 8: 40-56	<i>Jairus se dogtertjie.</i>	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Jesus het haar gesond gemaak en God se krag vir almal gewys.</i> • <i>Jesus het geleer dat geloof in God se krag lewe bring.</i>
Lukas 9: 37-43	<i>'n Man uit die skare se seun.</i>	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Jesus het die seun se siekte genees en gewys dat God baie groter is as enige gees of krag.</i> • <i>Die mense was verstom oor God se grootheid.</i>

Lukas 18: 15-17	Die kindertjies van die gemeenskap.	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het hulle geroep in plaas van weggestuur. • Hy het grootmense geleer om soos kinders te glo.
Lukas 18: 18-30	'n Jongman wat baie aansien en rykdom gehad het.	<ul style="list-style-type: none"> • Jesus het die mense geleer dat godsdien nie net gaan oor wette nie, maar oor 'n verhouding met God. • Jesus het die mense geleer dat alles vir God moontlik is, selfs ook dinge wat vir mense onmoontlik lyk. • Jesus het geleer dat jy nooit liever vir enige iets moet wees as vir God nie. Hy is die belangrikste in ons lewe.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Laat die kinders in 'n kring sit, en vertel die volgende storie:

Die waterdraer se twee vaatjies

Daar was eendag 'n Indiese waterdraer wat elke dag met 'n stok en twee watervaatjies by die rivier gaan water haal het vir sy werkgewer se huishouding. Hy het die vaatjies aan weerskante van die stok oor sy skouers gedra, en dag vir dag dieselfde paadjie geloop.

Met die tyd het die een vaatjie 'n kraak gekry. Dit het gemaak dat die helfte van sy water op pad uitgelek het wanneer hy weer terugstap na sy werkgewer se huis. Hierdie vaatjie was baie skaam en verontwaardig oor sy kraak. Die ander vaatjie het al die water gehou wat in hom geskep is, maar hý kon net die helfte hou tot by die huis. Op 'n dag het die gekraakte vaatjie met die waterdraer gepraat en gesê: “Ek is nie meer vir jou bruikbaar nie, jy kan my maar vervang, want ek het 'n kraak wat maak dat ek altyd die helfte van die water uitmors wat jy by die rivier in my gooi. Jy dra al die pad, en ek kan nie meer al die water tot by die huis inhou nie.”

Die waterdraer het die gekraakte vaatjie verbaas geantwoord: “Ek weet al lankal van jou kraak! Ek het aan die kant waar ek jou gewoonlik dra, gaan blomme saai, en geweet dat die water wat jy uitlek daardie blomme sal natlei. Omdat jy 'n kraak het, kan ek nou elke dag van die mooiste blomme pluk en op my werkgewer se etenstafel sit om sy huis mooi te maak. Jy is vir my netso bruikbaar omdat ek jou nou vir 'n gieter gebruik om die mooiste blomme te kweek.”

- Deel die klas in groepe van 4 in en laat die groepe die volgende bespreek:
 - Hoe pas hierdie verhaal in by die tema van vandag se les? Die vaatjie het nie in God se spieël gekyk toe hy sy selfbeeld gevorm het nie.
 - Hoe het die gekraakte vaatjie aanvanklik na sy kraak gekyk? As iets wat negatief is en wat hom onbruikbaar maak.

- Wat het gemaak dat hy sy kraak as 'n gawe kon begin sien? *Die manier hoe die waterdraer na sy kraak gekyk het.*
- Het sy kraak hom uiteindelik minder bruikbaar gemaak vir die waterdraer? *Nee, juis nie, want die waterdraer het lankal 'n groter plan gehad.*
- Wat het die waterdraer vir die vaatjie geleer? *Dat hy na homself moet kyk deur ander oë, sodat hy homself weer opnuut kan waardeer ten spyte van dit wat hy as 'n negatiewe eienskap beskou.*
- Laat die groepe weer in die groot groep bymekaar kom en bespreek die volgende:
 - Is daar enige perfekte mense op aarde? *Nee, almal is menslik en het die een of ander vorm van 'n kraak.*
 - Noem 'n paar dinge wat dikwels soos krake lyk in mense se lewens. *Slegte omstandighede, gebreke, siektes, hulle verlede, vorige foute, swakpunte, vrese en emosionele probleme, gebrek aan finansies, ensovoorts.*
 - Hoe laat krake en swakhede ons dikwels oor onself voel? *Stukkend, gebroke, nie goed genoeg nie, minderwaardig, onvoldoende en slegter as ander.*
 - Hoe kan ons anders kyk na die krake en swakhede in ons lewens? *Ons kan deur God se oë na mekaar en ander kyk, omdat Hy ons geskep het en weet van al die gawes wat Hy ons gegee het en nog meer. Hy omskep krake in ons lewens sodat dit selfs gawes kan word.*
 - Dink julle God weet van ons krake? *Beter as enige iemand anders.*

IETS INTERESSANT

Behandel die stof by **MEER INLIGTING**.

IETS BELANGRIK

Gee weer intensief aandag aan die volgende:

- Ons selfbeeld is soms onnodig verkeerd en negatief.
- Baie meer mense is ontevrede as tevrede met hulle selfbeeld.
- Ons kyk dikwels in ons eie onregverdige spieël na onself.
- Ons sien die verkeerde beeld omdat ons die verkeerde spieël gebruik.
- In die Bybel sien ons ook hoe mense die fout maak om in die verkeerde spieël te kyk.
- Moses sien homself as 'n moordenaar en 'n mislukking.
- Dawid is vir homself te klein om die volgende koning van Israel te kan wees. Ons moet ons selfbeeld vorm met die regte inligting.
- God leer ons om anders te kyk na onself en na ander mense; ons moet leer om soos Hy te kyk, want dan sien ons die Skepper se plan met sy skepsels.

IETS OM TE DOEN

- Deel die klas in groepies van 2 in en laat hulle hulle Bybels oopmaak by Eksodus 4: 1-17 en 1 Samuel 16: 1-13.
- Laat hulle onderstaande vrae se antwoorde in die letterblok soek, en kyk aan die einde wie die meeste woorde kon kry.


1. Moses se kiere het daarin verander. *Slang.*
2. Aäron was een van hulle. *Leviet.*
3. Samuel het na afloop van die salwing daarheen gegaan. *Rama.*
4. Die Here stuur Samuel daarheen. *Betlehem.*
5. Die Here het drie daarvan vir Moses gewys. *Wonderwerk.*
6. Die agtste seun van Isai. *Dawid.*
7. Die olie wat Samuel saamgeneem het, was daarin. *Horing.*
8. Die kleur van Moses se melaatsheid. *Wit.*
9. Samuel het oor hom getreur. *Saul.*
10. Die eerste seun van Isai wat Samuel gesien het. *Eliab.*
11. Wat is fout met Moses se tong? *Sukkel.*
12. Die Here kyk daarna. *Innerlike.*
13. Aäron sal dit vir Moses wees. *Segsman.*
14. Die leiers van die stad moes dit eers doen voordat hulle kon saamgaan na die offer. *Reinig.*
15. Moses moet daarmee die tekens gaan doen. *Kierie.*
16. Waar moes Moses die slang gryp? *Stert.*

X	G	E	I	R	T	G	S	O	C	H	K	A	A	W	S	D	B	G	S	C	R
B	N	L	R	V	D	P	Y	J	E	R	T	B	B	I	H	B	S	L	A	N	G
H	T	S	G	K	H	B	R	Q	L	E	V	I	E	T	D	D	U	F	U	R	A
Y	D	M	Z	S	G	J	L	T	I	D	Z	N	J	X	L	W	K	N	L	D	F
X	R	Z	V	Z	Q	R	A	M	A	F	B	N	S	X	S	X	K	T	G	M	X
N	T	J	H	T	S	C	M	H	B	R	B	E	T	L	E	H	E	M	F	J	L
B	N	C	V	B	R	J	S	K	R	Y	C	R	R	D	G	C	L	B	J	L	H
T	P	S	G	L	E	H	Q	I	U	S	D	L	V	F	S	T	P	N	R	X	G
X	L	C	M	X	I	G	N	E	F	T	Y	I	S	J	M	X	Q	G	S	M	P
O	L	W	W	O	N	D	E	R	W	E	R	K	C	D	A	W	I	D	B	S	A
D	H	X	L	D	I	L	C	I	H	R	N	E	M	V	N	H	R	B	M	L	B
H	O	R	I	N	G	Q	J	E	Q	T	B	N	R	W	L	C	V	J	S	X	B

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders gedurende die week met hulle ouers gesels oor die krake hieronder waarmee mense vandag leef, en hoe God hierdie krake kan gebruik of verander om selfs gawes te wees.
 - Laat hulle hulle gedagtes neerskryf by elke sirkel sodat hulle dit volgende keer in die klas met mekaar kan deel.



- Laat hulle gedurende die week 'n tyd inruim waar hulle as gesin saam die verhaal van die verlore seun in Lukas 15: 11-31 kan lees. Dit is belangrik dat die verhaal gelees word vir volgende week se gesinsles.

LEER

Ons memoriseerteks vir hierdie week is 1 Samuel 16: 7b: *Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.*

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 528 te lees as 'n gebed.

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil.*

*Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk.*

*U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik. Amen.*